

Donderdag 8 September

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:1-9

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:5

Die uiterlike skyn van godsdiens

Paulus wys Timoteus daarop dat daar in die laaste dae swaar tye kom. Die laaste dae is die tyd tussen die uitstorting van die Heilige Gees en die wederkoms van Christus. Dit is die tyd waarin ons lewe. Vir Christene is dit swaar tye, want daar is 'n toename van sondes wat mense wat sonder God lewe, doen. Al die sondes wat in die sondelys van verse 2 tot 4 genoem word is tog so bekend vandag: selfsug, geldgierigheid, grootpraterij, ondankbaar, liefdeloos, bandeloos en wreed, om maar net 'n paar te noem.

Die mense en die sondes wat hulle doen, is 'n bedreiging vir die kerk, want dit blyk dat sulke mense in die kerk van Efese ingedring het. Dit is nie so maklik om hulle te identifiseer nie, want hulle het nog die uiterlike skyn van die godsdiens. Die oorspronklike woord wat gebruik word, is "morphe", wat vorm of gedaante kan beteken. Ons woord morfologie wat die vorme en bou van woorde of van organismes bestudeer, kom daarvan.

Die uiterlike vorm van godsdiens word by die mense gesien, hulle lyk godsdienstig en alles lyk in orde, maar dit is skyn. Hulle is vals en hulle godsdiens is leeg en sonder enige inhoud. Dit is vormgodsdiens of formalisme. Dit is koud en dood, want die hart ontbreek.

Hulle verloën Christus met hulle optrede (vgl. 2 Tim. 2:12). Hulle ken nie Christus nie. Daarom ken hulle nie die krag van die godsdiens nie, want Christus is die krag van God (1 Kor. 1:24)! Daarom: Bly weg van sulke mense af! Hulle is gevaarlik en moet uit die kerk geweier word. Ons bid vir onderskeidingsvermoë en dat ons as gelowiges waarlik Christus, die krag van God sal ken en met ons hele hart Hom sal dien.

Sing: Skrifberyming 15-7:5

Ds. AL Pelsner (Abri) (Bethlehem)